Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2020

# RELIGIESTUDIES V2
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*IRLGSA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die onderstaande instruksies noukeurig deur, voordat die vrae beantwoord word.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

3. Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.

4. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat dit beantwoord word.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

1.1 Bespreek die volgende tipes dialoë krities:

1.1.1 Dialoog van die lewe (10)

1.1.2 Dialoog van aksie (10)

1.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Daar is oral rondom ons situasies van lyding en konflik, maar terselfdertyd is daar belangrike internasionale en plaaslike inisiatiewe wat daarop gemik is om 'n verskil te maak en 'n vreedsame wêreld vir almal te skep.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Graad 11,* bladsy 11]

Bespreek kortliks die bydrae wat elk van die volgende godsdienstige organisasies kan maak om die kwaliteit van lewens van mense in die wêreld te verbeter:

1.2.1 Wêreldparlement van Godsdienste (10)

1.2.2 Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (10)

1.2.3 Wêreldraad van Kerke (10)
**[50]**

## VRAAG 2

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die menslike samelewing het met die tyd deur verskillende stadiums ontwikkel (gegroei en verander), en netso godsdiens ook.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Graad 11*, bladsy 11]

2.1 Beskryf en analiseer krities hierdie verklaring van wedersydse interafhanklikheid van godsdienste en die samelewing onder die volgende hoofde:

2.1.1 Vroeë voedselproduseerders (8)

2.1.2 Vroeë staatsamelewing (8)

2.1.3 Jagter-versamelaars (8)

2.2 Noem en bespreek VYF tipes rituele. (12)

2.3 Bespreek die rolle van rituele in religie. (14)
**[50]**

## VRAAG 3

| |
|---|
| Religie en die staat het op verskillende tye en verskillende plekke met mekaar in wedersydse verbinding getree. |

3.1 Bespreek religie en die staat onder die volgende opskrifte:

3.1.1 Staatsgodsdiens (6)

3.1.2 Sekulêre staat (6)

3.1.3 Teokratiese staat (6)

3.2 Verduidelik die woord *massamedia* en beskryf hoe dit tot die verspreiding van religie kan bydra. (8)

| |
|---|
| Simbole druk idees uit wat dikwels nie maklik in woorde verduidelik kan word nie. Dit is omdat dit gewoonlik komplekse idees is, en simbole beteken verskillende dinge vir verskillende mense.<br>[Bron: *Shuters Top Class Reiligion Studies Graad 11,* bladsy 41] |

3.3 Bespreek die rol wat deur simbole in religie speel onder die volgende hoofde:

3.3.1 Fokus-simbool (8)

3.3.2 Voorstellende simbool (8)

3.3.3 Verteenwoordigende simbool (8)
**[50]**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| Soms word ŉ teorie reg bewys en soms word dit verkeerd bewys. Navorsers van religie het ook ŉ aantal teorieë oor verskillende aspekte van religie ontwikkel.<br>[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Graad 11,* bladsy 54] |

4.1 Bespreek die punte van kritiek met betrekking tot die konflikteorie. (16)

4.2 Bespreek die siening van enige EEN religie met betrekking tot godsdienstige pluralisme. (14)

4.3 Verduidelik kortliks die konsep *teorie*. (10)

4.4 Analiseer hoe godsdienstige gemeenskappe en hulle leiers ŉ belangrike rol in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika gespeel het. (10)
**[50]**

## VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die meeste van die wêreld se religieë se vir mense dat hulle tyd moet inruim vir ander dinge as werk. Ontspanning word as ŉ belangrike deel van ŉ vol lewe beskou, en iets wat mense doen om rustig te word en hulself te geniet wanneer hulle werk klaar is.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Graad 11,* bladsy 138]

5.1 Bespreek die siening van die volgende religieë oor ontspanning, rus en vermaak:

5.1.1 Judaïsme (10)

5.1.2 Christendom (10)

5.1.3 Islam (10)

5.2 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Rituele vind op spesiale plekke en tye plaas. Spesiale klere word dikwels gedra en daar is ŉ stel aksies of optrede – wat alles help om die belangrikheid van die geleentheid vir diegene wat daaraan deelneem, te beklemtoon.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Graad 11,* bladsy 82]

Bespreek die rituele wat tydens die geboorte van ŉ baba deur die volgende religieë uitvoer word:

5.2.1 Islam (10)

5.2.2 Afrika Tradisionele Godsdiens (10)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2020

# RELIGIESTUDIES V2
# NASIENRIGLYN
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

## VRAAG 1

### 1.1 Tipes dialoog

#### 1.1.1 Dialoog van die lewe

- Dit is die algemeenste vorm van dialoog.
- Dit verwys na die verskillende verhoudinge wat geloofsoortuigings by die huis, op skool en in die werksplek ontwikkel het.
- Mense vier mekaar se verjaarsdae, woon mekaar se troues by en ondersteun mekaar in tye van teëspoed.
- Hulle bespreek nie noodwendig godsdiens nie.
- Hulle steun op waardes van hul gemeenskaplike menslikheid.
- Lede bied gratis basiese dienste by hospitale op Kersdag aan.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (10)

#### 1.1.2 Dialoog van aksie

- Hierdie dialoog is afhanklik van onderlinge begrip en vertroue.
- Baie geleenthede om die gemeenskap te dien ontstaan, wanneer mense van verskillende geloofsoortuigings meer vertroue opbou en leer om mekaar te vertrou.
- Die toewyding om alle vorms van menslike ongeregtigheid te weerstaan.
- Om versperrings van ras, geslag en klas af te breek.
- Om onregverdige maatskaplike strukture uit te daag.
- Die toewyding om die gemeenskap met onderwys, gesondheidsorg en maatskaplike dienste te dien.
- Die stryd teen ongelyke verspreiding van hulpbronne.
- Probeer om die wedersydse onderlinge verhouding tussen vrede en regverdigheid te verstaan.
- Interkerklike hospiese versorg die terminaal siekes.
- Uitreik na haweloses, straatkinders en bejaardes.
- Slagoffers van MIV/Vigs te ondersteun.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (10)

1.2 **Bespreek kortliks die bydrae wat deur die volgende religieuse organisasies gelewer kan word:**

1.2.1 **Wêreldparlement van Godsdiens:**

- Die parlement van die Wêreldparlement van Godsdienste het vir die eerste keer in 1893 in Chicago ontmoet waar verskillende godsdienstige groepe byeengekom het ten einde te soek vir antwoorde op sake wat die hele wêreld raak.
- Sedertdien het dit weer in Chicago in 1993, in Kaapstad in 1999, in Barcelona in 2004 en in Melbourne in 2009, ontmoet.
- In 1993 was daar ŉ konferensie in Chicago.
- Al die deelnemers het ŉ verklaring onderteken wat ŉ aantal beginsels vir ŉ globale etos (moraliteit) uiteengesit het.
- In 1999 het Kaapstad se parlement begin met ŉ uitstalling van internasionale Vigs kwiltwerk om die Vigs-pandemie in Suider-Afrika te beklemtoon.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (10)

1.2.2 **Wêreldkonferensie van Godsdiens en Vrede:**

- Dit was in 1970 gestig as ŉ forum waar leiers van verskillende godsdienste kon ontmoet en gemeenskaplike probleme bespreek en oplossings vir wêreldvrede kan vind.
- Dit het sedertdien elke vyf jaar ontmoet.
- Dit is verbind tot respek vir kulturele verskille, terwyl dit terselfdertyd die gemeenskaplike menslikheid van almal vier.
- Daar is ŉ tak in Suid-Afrika.
- Die WKGV is aktief op alle vastelande en het ŉ rol in sommige konflik areas in die wêreld gespeel.

**LET WEL**: *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (10)

1.2.3 **Wêreldraad van Kerke:**

- Die WRK is in 1948 gestig.
- Die fokus was om samewerking tussen die verskillende godsdienstige tradisies te ontwikkel.
- Tegnologiese ontdekking deur intergodsdienstige dialoog in 1995.
- Dit het belangrike tekste gepubliseer om die proses te help.
- Die WRK moedig dialoog op drie maniere aan.
- Samewerking tussen verskillende godsdienste.
- Samewerking tussen godsdienste en die regering om gemeenskaplike probleme in die wêreld te bespreek en saam oplossings daarvoor te probeer vind.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (10)

**[50]**

## VRAAG 2

2.1 **Bespreek en krities analiseer die stelling van wedersydse onafhanklikheid van religie en die gemeenskap onder die volgende hoofde:**

2.1.1 **Vroeë voedselproduseerders**

- Mense het opgehou rondtrek op soek na voedsel, water en skuiling.
- Hulle het begin om hulself in permanente gemeenskappe te vestig.
- Hulle het begin om voedsel te produseer.
- Met verloop van tyd het hulle minder gejag.
- Hulle het begin om diere soos skape en koeie mak te maak.
- Hulle het verskillende boerdery-tipes soos gewas- en diereproduksie begin.
- Die manier van lewe het verander – hulle het begin om ʼn nuwe manier van lewe daar te stel om hul lewenstyl te verbeter, bv. pottebakkery, maak van metaal (soos yster) en weef van klere.
- Teen hierdie tyd was daar voldoende voorsiening van voedsel.
- ʼn Gestruktureerde tipe leierskap was gevorm om groter sosiale groepe te bestuur.

  **LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (8)

2.1.2 **Vroeë staatsamelewings**

- Mense was permanent in gemeenskappe gevestig.
- Hulle het in grootte gegroei.
- Meer politieke en sosiale strukture was nodig.
- In baie gemeenskappe het dit tot die transformasie van state gelei waar klein dorpies of stede onder beheer van ʼn leier of koninklike familie gekom het.
- Al die groot wêreldgodsdienste (Islam, Christendom, Judaïsme, Boeddhisme en Hindoeïsme) het in die vroeë staatsamelewings begin.
- Groot samelewings soos Afrika, Europa, Indië, Suid-Amerika het tot ingewikkelde samelewings met merkwaardige kulture en tradisies gegroei wat oor lang afstande met ander samelewings handel gedryf het.

  **LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (8)

2.1.3 **Jagter-versamelaars**

- Jag-en-versamel was ʼn manier van lewe wat tydens die vroeë ontwikkeling van die mens bestaan het.
- Mense het in grotte gewoon.
- Hulle het die bas van bome geëet.
- Hulle was nomadies.
- Hulle het vuur gemaak deur klippe teen mekaar te slaan.
- Hulle het diere se vleis geëet.
- Gedurende die era was daar nie hutte nie.
- Die era was bekend as die Steentydperk omdat die mense klippe gebruik het om die diere dood te maak en vuur te maak.
- Rituele het rondom jag gesentreer/gedraai.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (8)

2.2 **Analiseer verskillende tipes rituele**

- Eerstens ʼn ritueel is ʼn stel formele aksies of gedrag met ʼn seremoniële doel wat met gereelde tussenposes binne ʼn spesifieke omgewing uitgevoer word.
- Verskillende soorte rituele gee betekenis aan verskillende seremonies binne die geloofsgemeenskap.
- Die hoofsoorte rituele is die volgende:
  - **Aanbiddingsrituele:**
    Dit is rituele wat gereeld uitgevoer word om uitdrukking aan ʼn persoon se geloof te gee bv. daaglikse of weeklikse aanbidding.
  - **Lewenssiklus-rituele:**
    Dit is rituele wat aan verskillende fases van ʼn individu se lewe gekoppel word, bv. inisiasie, huwelik, siekte of die dood.
  - **Jaarliksesiklusse-rituele:**
    Dit is rituele wat tydens ʼn spesifieke tyd van die jaar plaasvind, bv. kersfeesvieringe Christene. ens.
  - **Gedenksrituele:**
    Feesviering-rituele en nagedagtenis
  - **Offer-rituele:**
    Baie godsdienste sluit offers as deel van hul rituele in.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (12)

2.3 **Rolle van rituele in godsdienste:**

**Sosiale rolle:**
- Rituele het ʼn belangrike sosiale funksie.
- Dit bring mense met gemeenskaplike oortuigings en belangstellings by mekaar.
- Hierdie mense herdenk en onthou hul geskiedenis.

**Sielkundige rolle:**
- Rituele voldoen aan ʼn deel van menswees wat nie logies verduidelik kan word nie.
- Sommige sit blomme op ʼn graf.
- Dit word nie gedoen vir die persoon wat dood is nie, vir ander om te sien nie, maar dit bevredig ʼn diep persoonlike behoefte.
- Die behoefte aan rituele in ons lewens blyk sy oorsprong in die regterkant van die brein te hê.

**Geestelike rolle:**
- Sulke rituele word beoefen om die bande tussen mense en die goddelike te verstewig.
- Die intensie van godsdienstige rituele is om die wêreld en die goddelike bymekaar te bring.
- Wanneer ʼn priester van die Room-Katolieke tradisie die Mis beoefen, word gesê dat die liggaam en die bloed van Jesus Christus een is met die water en die wyn.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (14)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 **Gee ʼn kritiese analise van die verhouding tussen religie en staat deur na die volgende te verwys:**

3.1.1 **Staatsgodsdiens**

- ʼn Staatsgodsdiens is een waar die godsdiens amptelik erken, aangeneem en deur die staat ondersteun word.
- Die verhouding tussen godsdiens en staat verskil van land tot land.
- Somtyds word ʼn godsdiens as die amptelike staatsgodsdiens van ʼn land beskou, maar het dan geen spesiale voordele nie.
- In ander gevalle ontvang die godsdiens finansiële ondersteuning van die regering.
- Wanneer ʼn land een amptelike godsdiens het, beteken dit nie dat die land die reg om die godsdiens van jou keuse te beoefen, beskerm of dat teen ander godsdienste diskrimineer sal word nie.

**LET WEL:** *Enige relevante feit moet gekrediteer word.* (6)

3.1.2 **Sekulêre staat**

- Dit is wanneer ʼn land verkies om ʼn sekulêre staat te wees.
- Dit beteken dat die land nie as godsdienstig of nie-religieus beskou kan word nie.
- In so ʼn geval probeer ʼn land om staat en godsdiens apart te hou.
- Amptelik sal die regering geen godsdiens ondersteun of teenstaan nie.
- Baie lande het sekularisasie amptelike aangeneem as ʼn manier om seker te maak dat alle godsdienste dieselfde behandeling en regte geniet, veral in lande waar daar baie verskillende godsdienstige gemeenskappe is.
- ʼn Sekulêre staat probeer om te verseker dat sy regeringsbeleide en wette nie deur gemeenskappe se godsdienstige oortuigings en praktyke beïnvloed word nie.

**LET WEL:** *Enige relevante feit moet gekrediteer word.* (6)

3.1.3 **Teokratiese staat**

- ŉ Teokratiese staat is ŉ regeringsvorm waarin die Opperwese as hoof van die regering erken word.
- Dit is die vorm van regering waarin die Opperwese se opdragte as die wet beskou word.
- Regerings op aarde word deur die Opperwese se verteenwoordigers behartig, m.a.w. priesters of konings.
- Argeoloë glo dat vroeë Joodse, Tibettaanse en Egiptiese samelewings almal teokrasieë op verskillende tye was.
- Hedendaagse Iran probeer om ŉ Islamitiese teokrasie te wees.
- In Israel is daar baie ultra-ortodokse Joodse sosiale en politieke bewegings wat die idee bevorder dat Israel ŉ teokrasie moet word.
- Daar is twee soorte teokrasieë:
- Die eerste soort is waar die mense glo dat ŉ koning/koningin self ŉ inkarnasie van God is.
- Die tweede soort is wanneer die staat deur priesters beheer word, en daar geglo word ŉ spesiale transendente band met God het. (6)

3.2 **Verduidelik die word *massamedia* en beskryf hoe dit tot die verspreiding van godsdiens kan bydra.**

- Massamedia is ŉ duidelike onderskeibare vorm van media.
- Inligting word van een persoon na ŉ aantal mense gestuur.
- Een persoon kan letterlik miljoene mense deur middel van massamedia bereik, bv. televisie, radio ens.
- Die oudste vorm van massamedia is die boek.
- Religieë was een van die eerste sosiale instansies wat voordeel uit hierdie ingryping getrek het.
- Die eerste gedrukte boeke was byna uitsluitlik Bybels.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (8)

3.3 3.3.1 **Fokussimbool**

- Die woord fokus verwys na ’n sentrale punt van aandag of belang.
- Dit word gebruik om op geloof te fokus.
- Dit is gewoonlik ’n hoofsimbool vir ’n spesifieke tradisie.
- In Islam is die fokussimbool die sekel maan en ster.
- In Judaïsme sluit die fokus-simbole die Ster van Dawid en die Menora in.
- In die Christendom sluit die fokussimbool die kruis en die vis in.
- In Hindoeïsme is die OM-teken en verskeie gode fokussimbole.
- Fokus simbole kan gehoor word byvoorbeeld die oproep tot gebed deur die Muezzin in Islam, en die OHM-klank in meditasie in Hindoeïsme.

**LET WEL:** *Enige relevante feit moet gekrediteer word.* (8)

3.3.2 **Voorstellende simbool**

- Dit is iets wat soortgelyk is aan die ding wat dit verteenwoordig, byvoorbeeld ’n straatkaart is ’n veel kleiner voorstelling van die werklike landskap.
- In religie is ’n verteenwoordigende simbool soortgelyk aan die iets/idee waarvoor dit staan.
- In die Ortodokse Christelike tradisie is daar skilderye op hout, wat ikone genoem word, waar daar gesê word die heilige is daarin teenwoordig.
- Die ikoon van Maagd Maria en die baba Jesus is nie werklik Maria en Jesus nie.
- Wat dit ’n ikoon maak, is die teenwoordigheid van die heilige wat veronderstel is om in die prentjie te wees.
- ’n Ikoon kan ’n klank, ’n woord, ’n gebaar of ’n postuur wees, byvoorbeeld die OHM-klank in Hindoe-praktyk gedreun word, word dit geglo dat dit energie dra.

**LET WEL:** *Enige relevante feit moet gekrediteer word.* (8)

3.3.3 **Verteenwoordigende simbool**

- ’n Verteenwoordigende simbool is ’n simbool wat vir (verteenwoordig) iets anders staan.
- Dit kan somtyds net as ’n teken funksioneer, byvoorbeeld as ’n kruis op ’n gebou gebruik word om ’n plek van aanbidding aan te dui.
- Die kruis is die kragtigste simbool wat tradisie en die sentrale geloof van godsdiens voorstel.
- Die kruis herinner Christene aan die dood van Christus aan die kruis by Golgota
- Alfa en Omega is ook verteenwoordigende simbole.
- Dit herinner Christene dat Christus die begin en die einde is.
- Hy is die eerste en die laaste.

**LET WEL:** *Enige relevante feit moet gekrediteer word.* (8)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 **Bespreek die punte van kritiek met betrekking tot die konflikteorie.**

- Daar word gesê dat hulle vanuit 'n valse uitgangspunt begin.
- Hulle het 'n baie eensydige siening wat aan konflik 'n allesoorheersende rol toeskryf.
- Hulle beskou die belangrike waardes aan die van altruïsme en spontane samewerking as ewe belangrik ten opsigte van die menslike lewe.
- Konsentreer nie net op hoe dinge werk nie.
- Bevorder in werklikheid konflik.
- Slaag nie die toets van ooreenstemming en bruikbaarheid nie.
- Ingeboude vooroordeel.
- Dit bring nie in berekening dat godsdiens dikwels nie bloot klasbelang ondersteun het nie.
- Dit het teen sulke belange gegaan.
- Sulke teorieë stem nie altyd ooreen met die werklike rol wat godsdiens speel nie.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (16)

4.2 **Bespreek die siening van enige religie oor religieuse pluralisme. (Hindoeïsme word as voorbeeld bespreek)**

- Die verskillende godsdienstige tradisies word beskou as verskillende openbaringe van die een goddelike werklikheid.
- Bied verskillende maniere vir bevryding.
- Hindoeïsme is 'n breë en verdraagsame godsdiens.
- Die Vedas word as die perfekte openbaring van goddelike werklikheid beskou.
- Alle ander religieë was daarteen getoets.
- Daar is net een goddelike werklikheid wat deur Hindoe skrifte geopenbaar is.
- Ander openbarings word as sekondêr beskou en moet teen die Hindoe-openbaring nagegaan word.
- Hindoeïsme aanvaar nie eksklusiewe waarheid as aansprake van enige ander godsdiens nie.
- Hulle glo dat hulle die ontvangers en bewaarders is van die ware openbaring.
- Hulle kan probeer om ander van die waarheid te oortuig.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (14)

4.3 **Verduidelik kortliks die konsep *teorie*.**

- Teorieë word uitgevind of geskep en nie ontdek nie.
- Teorieë word ontwikkel deur mense wat die vermoë het om verbindings te maak tussen elemente waar geen vorige verbinding bestaan het nie.
- Mense moet baie hard werk om teorieë te skep.
- Hulle moet hulle op ŉ oortuigende wyse aanbied.
- Teorieë kan en moet gekritiseer word.
  **LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word*. (10)

4.4 **Analiseer hoe godsdienstige gemeenskappe en hul leiers ŉ belangrike rol in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika gespeel het.**

- Baie godsdienstige gemeenskappe het ŉ deurslaggewende rol gespeel in die stryd teen die Nasionale Party se beleid van rassisme.
- Die Nasionale Party se bewind het godsdiens misbruik om apartheid te regverdig.
- Vanaf die 1950's het leiers van verskillende godsdienstige gemeenskappe verenig.
- Hulle het saam gestaan in die stryd teen geregtigheid, gelykheid en nie-rassisme.
- In 1984 het lede van verskillende gelowe, soos Hindoes, Jode, Moslems en Christene Wêreldkonferensie van Godsdiens en Vrede gestig.
- Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke was in 1968 gestig en het ŉ belangrike rol in die stryd teen apartheid gespeel.
- Die oproep vir Islam is in 1964 gevorm.
- Die Jode vir Geregtigheid is in 1985 gestig en het ook ŉ belangrike rol in die stryd om vryheid gespeel.
- Aartsbiskop Desmond Tutu was ŉ uitgesproke kritikus van die apartheidsregering.
  **LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (10)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 **Bespreek die siening van die volgende religieë oor ontspanning, rus en vermaak:**

5.1.1 **Judaïsme:**
- In Judaïsme word die Sabbat as ŉ rusdag onderhou.
- Dit is ŉ belangrike godsdienstige aktiwiteit.
- Dit begin Vrydae met sonsondergang tot Sondag-sonsondergang.
- Gedurende die tydperk vind geen werk plaas nie.
- Niemand word toegelaat om aan enige ontspanningsaktiwiteit wat verband hou met werk, deel te neem nie. (10)

5.1.2 **Christendom:**

- Vir die meeste Christen-groepe is die Sabbat ŉ dag van rus.
- Dit duur van Saterdag middernag tot Sondag middernag.
- Die Sewendedagste Adventiste en die Ibandla LaMaNazaretha volg die ouer Joodse ideaal om die Sabbat op ŉ Saterdag te hou.
- In baie lande, insluitende Suid-Afrika, word wette gebruik om Sondae Sabbat te hou.
- Flieks, teaters en kroeë word nie toegelaat om op Sondae oop te wees nie.
- Die wette is onlangs verslap om minder streng te wees.

**LET WEL:** *Enige relevante feit moet gekrediteer word*. (10)

5.1.3 **Islam:**

- Islam verbied nie Moslems om op Vrydae te werk nie.
- Gelowiges moet een van hulle gebede in ŉ moskee bid, in plaas van om dit alleen te doen.
- Baie Suid-Afrikaanse Moslems wy Vrydae aan godsdienstige sake toe.
- Daar is ook feeste deur die jaar.
- Volgelinge van die geloof moet dieselfde aantal vrye dae as Jode en Christene hê.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (10)

5.2 **Bespreek die rituele van die volgende religieë wat gedurende die kind se geboorte gevier word:**

5.2.1 **Islam:**

- Die Adhan is die eerste woorde wat ŉ Moslem-baba moet hoor.
- Die oproep van gebed word in die kind se oor by geboorte gefluister.
- Op die sewende dag word die baba se hare tydens ŉ spesiale seremonie afgesny.
- Volgens tradisie word die hare se gewig in goud aan die armes gegee.
- Moslem-seuns word besny wanneer hulle sewe dae oud is, alhoewel dit enige tyd voor puberteit gedoen kan word.
- Dit is ook tradisie om ŉ naam vir die baba op die sewende dag te kies.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (10)

5.2.2 **Afrika tradisionele religie**

- Die geboorte ritueel (Imbeleko) van die AmaXhosa vind kort na geboorte plaas.
- Lede van die stam kom in ’n beeskraal saam waar hulle ’n dier slag.
- Die vel word gehou vir die kind om op te slaap, veral wanneer die kind siek is of dit noodsaaklik is om gemaklik te wees.
- Die ritueel lei die kind in die stam wat die voorvaders insluit.
- Die baba word ’n naam op dieselfde dag van geboorte gegee.
- Na ’n jaar sny die ouers die hare van die kind.
- Na ’n jaar word die geboorteseremonie afgehandel.

**LET WEL:** *Enige relevante feite moet gekrediteer word.* (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou